

24 Januarie 2013

Jaargang 5 – Uitgawe 45

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Kerkwees in 2013

**Die jaar 2013 kan vir kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Hervormde Kerk in die besonder beslissend wees.**

Dit het die laaste aantal jare duidelik geword dat die tydgees meer as ooit tevore die Christelike geloof en kerk in 'n wurggreep beet het. Kenmerkend van die tydgees is die sekularisasie wat oor die samelewing spoel. God en die kerk is nie naastenby meer die middelpunt van mense wat hulleself nog gelowig noem se lewe nie, maar hulleself, hul besige lewens en hul toekoms wat hulle self bou. Teen hierdie agtergrond het dit hoogmode geword dat baie mense glo en verklaar dat hulle dalk nog met Jesus of met God 'n pad wil stap, maar dat hulle daarvoor glad nie die kerk nodig het nie.

Verder het 'n postmoderne lewens- en waarheidsbeskouing hom binne die kerk kom tuismaak. Dit is ironies dat dit juis diegene is wat tradisioneel so teen die postmoderne tendense geveg het wat nou die sterkste daarin vasgevang is. Hulle steur hulle aan geen vorm van gesag nie en is nie bereid om hulle aan hul beloftes en ondernemings van vroeër te bind nie. Predikante bedank en verlaat die Kerk omdat hulle nie meer besluite wat die Kerk neem met hul gewete kan rym nie. Dit beteken dat die Bybel as die bron en norm vir kerkwees, geloof en besluite verwerp word ten gunste van 'n totale relativisme waar nog net elkeen se eie gewete en oortuigings saak maak.

Dat hierdie tendense in kerk en samelewing die kerk van Jesus Christus en die Hervormde Kerk in die besonder tans knou en seermaak, hoef egter nie die uitdagings van kerkwees te laat verflou nie. Dit is deel van kerkwees dat daar stryd is, dat daar soms skeuring is, dat die kerk en haar lidmate deur die tydgees meegesleur word. Die uitdaging is dan soveel groter dat die kerk sal hervorm volgens die eise van die Skrif en die eie tyd en omstandighede dinamies en entoesiasies tegemoet sal tree. Die kerk kan haarself nie terugtrek in 'n kokon van enersdenkendes waar almal dieselfde voel maar geen invloed op die wêreld meer het nie. So 'n kerk is nie meer kerk van Jesus Christus nie, maar 'n sekte wat ter wille van haarself bestaan.

In dié opsig bied 2013 aan die Kerk besondere uitdagings. Tydens die komende Inligtings- en Besprekingsvergadering gaan daar geleentheid wees vir die Kerk om te begin saamdink oor dit wat ons vir ons kerkwees nodig het, en sodat alle onnodighede waarsonder die Kerk kan klaarkom, kan uitfaseer. Ringsvergaderings en die Algemene Kerkvergadering sal die gesprek verder voer en besluite neem oor kerkwees vandag en in die toekoms. Dit gaan van die Kerk al haar vaardigheid vra om opnuut op grond van die Woord, in lyn met ons belydenis en eie aan ons Hervormde aard van kerkwees, hierdie ingrypende besinning te doen en nuwe gestalte aan die Hervormde Kerk as kerk van Jesus Christus te gee. Kom ons werk almal positief daaraan mee.

**Dr Daan van Wyk (jr)**  
**Voorsitter: Kommissie van die AKV**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Innes Benadé

### Beroep ontvang

- **Ds Innes Benadé** van Outeniqua (deeltyds) na Oudtshoorn (deeltyds)

### Beroep aanvaar

- **Ds Innes Benadé** van Outeniqua (deeltyds) na Oudtshoorn (deeltyds)

### Vakante standplaas

- **Gemeente Pretoria-Noord** beplan om eersdaags te beroep, en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse** hoedanigheid in die gemeente kan werk en kan help dat die gemeente 'n **deelsorgstandplaas** kan onderhou. Die gemeente bestaan uit 242 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van verantwoordelikhede is onderhandelbaar in die lig van die beperkinge van die deeltydse standplaas. Inligting oor die gemeente en die versorgingspakket is beskikbaar op aanvraag. Navrae kan gerig word aan Erica du Toit by 012 546 6445, en CV's kan gestuur word na [nhkerk@4data.co.za](mailto:nhkerk@4data.co.za). Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2013**.

Bydraes vir maandelikse plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 **OP DIE LAATSTE** na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za) gestuur word.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).



Prof Andries van Aarde

- **Prof Andries van Aarde** is deur die **Society of Biblical Literature** genooi om gedurende November 2013 tydens hul jaarvergadering in Baltimore, Maryland, deel te neem aan 'n paneelsessie oor die boek *Psychological Hermeneutics for Biblical Themes and Texts: A Festschrift in Honor of Wayne G Rollins*. Die boek, onder redakteurskap van J Harold Ellens (Universiteit van Michigan) en gepubliseer in 2012, gee 'n oorsig oor Wayne Rollins se belangrike bydrae tot die rol wat sielkunde in die uitleg van die Bybel speel en die ontwikkeling oor die afgelope 30 jaar van hierdie veld as 'n dissipline binne die Bybelwetenskap. Prof Van Aarde het ook op versoek van die uitgewer T&T Clark in die flapteks van die boek kommentaar gelewer oor Wayne Rollins se belangrike bydrae tot multidissiplinêre Bybelwetenskap.

- Ons verwelkom graag **mnr Hendrik en mev Cecilia le Roux** as **nuwe huisouers van die DPS-huis Rustenburg**, en vertrou dat hulle baie gelukkig daar sal wees.

- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan die **Vrugtefees** van **Donderdag 7 Februarie** by Gemeente Pretoria-Oos. **Bevestig** u bywoning asseblief **teen Vrydag 1 Februarie** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071; of by Petra Badenhorst, 012 348 6464 of 082 820 7419.

- Elke gemeentelike diaken word herinner aan die **vraelys vir 2013 Jaar van Gestremdheid** wat voltooi en gestuur moet word aan die **ADV-kantoor**. As u wil hê dat ons die vraelys weer vir u moet aanstuur, skakel Sonet Esterhuizen by 012 322 8885 x221 of stuur 'n e-pos na [diens@diakens.co.za](mailto:diens@diakens.co.za).

- **Jaar vir Gestremdheid: Respek**. Behandel 'n persoon met 'n gestremdheid net soos wat jy self behandel wil word – met respek. Hy/sy is 'n persoon net soos jy.

Mnr Hendrik en mev Cecilia le Roux

**Aksiegroep**  
**Gestremdheid**

Wees vriendelik en beleefd – moenie staar of 'n onhandige grappie probeer maak nie. 'n Neerbuigende manier van praat is totaal onaanvaarbaar.



- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** se **amptelike opening** vind plaas op **Woensdag 20 Februarie** vanaf 10:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Die erediens sal gelei word deur prof Piet Geysers, en die openingsrede deur dr Jaco Beyers oor die tema *Die roeping van die Kerk*. Vanaf 13:30 sal 'n tafelgesprek oor die tema plaasvind. Almal teenwoordig by die opening is welkom om deel te neem aan die tafelgesprek. Navrae oor en bevestiging van bywoning kan aan mev Betsie Brits gerig word, by 012 420 5393 of [Betsie.brits@up.ac.za](mailto:Betsie.brits@up.ac.za).
- Die afgelope week is nog 'n bydrae op *Die Hervormer* se elektroniese gespreksblad, **Teologiese Gesprek**, geplaas. In die lig van talle eietydse strydgesprekke oor die gesag van die Skrif, som **prof Ernest van Eck** 'n artikel van **prof Ben Engelbrecht** met die titel *Die reg en vryheid van die eksegeet* op. Hoewel die artikel eers in 1986 in die *HTS* verskyn het (volume 42/3, ble 485-501), is dit die advies wat prof Ben Engelbrecht reeds in 1962 te midde van die Geysers-saak (ten tyde van 'n ander groot kerkstryd) aan die destydse Kommissie van die AKV gelewer het. Prof Van Eck beskryf dit as die eg Hervormde Skrifbeskouing en Skrifhantering wat hy in ons Kerk leer ken het. Gaan na [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) → Teologiese gesprek.
- Die **70ste AKV** vind hierdie jaar van **22 tot 28 September** in die nuwe Aula by die Universiteit van Pretoria plaas. Die Agendakommissie het op 17 Januarie vergader om vir die vergadering voor te berei. In die aanloop tot die 70ste AKV sal **die Inligtings- en Besprekingsvergadering van 13 Februarie** by Gemeente Kempton Park-Oos, ouderlingevergaderings en ringsvergaderings 'n belangrike rol speel om die inhoud en aard van die AKV se agenda te bepaal. Die Agendakommissie voorsien die moontlikheid dat die 70ste AKV uit drie dele kan bestaan: die amptelike opening, 'n werksessie om grondig oor ons manier van kerkwees te besin, en dan die formele vergadering.
- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: [benoryn@telkomsa.net](mailto:benoryn@telkomsa.net) / 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: [dominee@vodamail.co.za](mailto:dominee@vodamail.co.za) / 011 849 3266 / 072 117 0317.
- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of [wboom@nhk.co.za](mailto:wboom@nhk.co.za).

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 24 Januarie: Ds Marius Kramer (Kampersrus)
  - Vrydag 25 Januarie: Di Riaan Botha (Standerton), Pierre Kotzé (siekte-emeritaat) en Oppies Opperman (beroepafwagting)
  - Saterdag 26 Januarie: Di Marita Engelbrecht (Komatipoort), Richard van der Westhuizen (Tzaneen) en dr Marthinus Pretorius (emeritus)
  - Sondag 27 Januarie: Ds Elmien Snyman (Sundra)
  - Maandag 28 Januarie: Prop Sanet van der Walt (beroepafwagting)
  - Dinsdag 29 Januarie: Dr Jaco Beyers (UP) en ds Heloïse Herbst (Rietvallei)
  - Woensdag 30 Januarie: Prop Adriaan Benadie (beroepafwagting) en ds Eksteen Botes (Nelspruit)
  - Vrydag 1 Februarie: Di Fanie Naudé (emeritus) en Andries Nel (emeritus)



## Beplande vergaderings

- Donderdag 24 Januarie: Komitee vir Ouderlinge
- Vrydag 25 Januarie: Finkom van die Ondersteuningsraad

## Kursusse en toerusting

- **UP: Sentrum vir Kontekstuele Bediening: Kortkursus**  
Basiese beginsels van berading  
Eenjaarkursus deur afstandonderrig  
Bywoningstifikaat na suksesvolle voltooiing  
Studente ontvang studiemateriaal en werkopdragte ná registrasie  
Laat inskrywings sal tot middel-Februarie aanvaar word  
Vereiste: Minimumkwalifikasie van graad 10-sertifikaat  
Vir enigeen wat belangstel in berading of hulpverlening  
of diensbaar wil wees in gemeentes/gemeenskappe  
Koste: R2 200  
Navrae aan dr Johan Nel, 083 400 0267 / [jnel@ufs.ac.za](mailto:jnel@ufs.ac.za)

## Beskikbare behuising

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**  
Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkelopende dame  
Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë  
Gereelde sosiale programme  
24-uur-sekuriteit  
Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim  
Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)  
Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

### TUINWOONSTEL TE HUUR – Rietondale, Pretoria

(Rustige woongebied direk noord van die Uniegebou; baie lae misdaadrekord; digby die Universiteite, Brooklyn, hospitale en die middestad)  
Netjies en privaat, "bachelor"-uitleg (slaap-/woonkamer/kombuis)  
Badkamer met stort, wasbak en toilet  
Voorstoepie; onderdakparkering; geen troeteldiere  
Word verhuur as enkelpersoonwoonstel met vereiste dat huurder die omgewing se rustigheid, stilte en stabiliteit sal waardeer en handhaaf  
Die huurder vir 2013 kon om persoonlike redes nie voortgaan nie, daarom is woonstel nou onmiddellik beskikbaar  
Huurtermyn is tot 31 Desember 2013, met opsie om te verleng (Okkupasie kan onderhandel word)  
Huurgeld R2 000 per maand plus verbruik van elektrisiteit (deposito R2 000)  
Meer besonderhede by Jan Oberholzer 082 851 1081 of [jan@nhk.co.za](mailto:jan@nhk.co.za)



## Konserte en feeste

- **Sondag 24 Februarie om 11:00: Gemeente Pretoria-Oos Orrelkonsert met Colin Campbell**  
Pragtige 3-manuaal-orrel word vanjaar 40 jaar oud  
Kom vier saam met die gemeente fees!  
Plek: Kerkgebou, hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloof  
Toegang: Gratis  
Navrae aan Pieter van den Berg, 012 991 4930 of 079 497 2647



## Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19-21 April**  
Mopani Lodge, net buite Pretoria  
Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé  
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)  
Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of [janapeenze@vodamail.co.za](mailto:janapeenze@vodamail.co.za)  
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of [stef1@absamail.co.za](mailto:stef1@absamail.co.za)

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**  
Dra by tot die gemeente se boufonds  
SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by  
Fondse word gebruik om die geboue te herstel  
Meer as een SMS is baie welkom  
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158
- **Die Christelike Vrou: Fotokompetisie**  
Oupas, oumas en kleinkinders  
Fokus op interaksie tussen generasies  
Slegs elektroniese inskrywings, geen inskrywingsfooi  
Stuur elke foto apart na [DieChristelikeVrou@gmail.com](mailto:DieChristelikeVrou@gmail.com)  
Noem fotograaf se naam, alle kontakbesonderhede, inligting oor foto  
**Sluitingsdatum: 31 Januarie 2013**  
Kontak ds Hannelie Botha by 082 923 9439 of [hbotha@bvm.gov.za](mailto:hbotha@bvm.gov.za)
- **Gemeente Bergsig: Vrydag 15 Februarie 13:00 tot 20:00**  
**Kunsuitstalling**  
Werk van plaaslike en gevorderde kunstenaars  
Kaas-en-wyn  
Kerksaal van gemeente, hv Leonide- & Karel Trichardt-straat, Mountain View  
R30 toegang, kinders onder 12 jaar R10  
Navrae aan Neeltjie by 076 428 8142
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00**  
**Boeredans**  
Groblerstraat 19, Sasolburg-Suid se saal  
(Langs Coney Island-sentrum)  
Lewendige boeoreorkes en DJ met musiek deur die dekades  
Bring eie eet- en drinkgoed  
R40 per persoon  
Bespreek by [nhksasolsuid@matrixnet.co.za](mailto:nhksasolsuid@matrixnet.co.za)  
of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561
- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**  
Fonteine, Pretoria  
Vanaf 07:00  
Kontak Elma by 082 954 7955
- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**  
**Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**  
Geleentheid om R50 000 in te samel  
Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie  
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000  
50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd  
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!  
**Trekking in Oktober 2013**  
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein



by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of [barrypret@lantic.net](mailto:barrypret@lantic.net)  
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

## Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie: Gemeente Nelspruit Maroela-karnaval 2013**  
Vrydag 14:00 tot 22:00  
Saterdag 08:00 tot 22:00  
Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit  
R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)  
Navrae en kaartjies: 013 741 1455

## ANDER NUUS

- **ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  - **Voldagposte vir Afrikaanssprekende maatskaplike werkers** in Vanderbijlpark en Kempton Park.
  - **Halfdagpos vir Afrikaanssprekende maatskaplike werker** in Nylstroom.

Die geskikte kandidate moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer wees en oor 'n geldige rybewys beskik.

- **Halfdagpos vir sekretariële beampte** in Witbank.  
Vereistes: Graad 12, rekenaargeletterdheid, geldige rybewys en sekretariële ondervinding, asook kennis van boekhouding.

CV's kan gerig word aan [oraad@nhk.co.za](mailto:oraad@nhk.co.za) of skakel 012 322 8885 x290 om 'n aansoekvorm te bekom. **Sluitingsdatum: 25 Januarie 2013.**

## Advertensies in die e-Hervormer

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies

ABSA

Tjekrekening nommer 020-000-287

Takkode 632-005

**Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads**

## Afrika speel sokker in Suid-Afrika!

Op 'n normale dag is daar meer as 52 000 passasiers wat op 562 vlugte óf aankom by óf vertrek vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe in Kempton Park. Van 16 Januarie tot 11 Februarie vanjaar sal die getalle heelwat hoër wees, want dis wanneer die Afrikabeker-sokkertoernooi in Suid-Afrika plaasvind.

Om die toevloei van mense na die toernooi en ook hul bewegings tydens die toernooi vlot te laat verloop, maak die plaaslike reëlingskomitee gebruik van vrywilligers. Dit is my voorreg om een van die span van 33 vrywilligers op OR Tambo-lughawe te wees. Ek was ook 'n vrywilliger tydens die 2010 Wêreldsokkertoernooi, en dit was daardie vorige ervaring wat my weer op die lughawe laat beland het.

Die Afcon-toernooi is baie kleiner as die Wêreldbekertoernooi – slegs 16 spanne uit Afrika neem deel. As gasheerland neem Suid-Afrika ook deel aan die toernooi.

Om al die spanne, beamptes, skeidsregters en BBP-gaste wat deur die lughawe beweeg op die regte tyd op die regte plek te kry, kos nogal vernuftige voetwerk. Dit maak 'n mens derhalwe 'n baie trotse landsburger as jy sien hoe al die rolspelers, soos Binnelandse Sake, die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Lughawemaatskappy, ensovoorts, saamwerk met ons klompie vrywilligers om toe te sien dat alles vlot verloop en dat ons, nes met die Wêreldbeker, 'n toernooi aanbied waarop ons almal trots kan wees.

Wat ook baie aangenaam is, is om te hoor watter positiewe belewenisse die besoekers van ons land het. Baie was ook tydens die Wêreldbeker en ander sokkertoernooie hier, en hulle praat deurgaans met groot lof oor die vriendelikheid wat hulle hier beleef en sê ook hoe beïndruk hulle is met die hoë standaard van die infrastruktuur in Suid-Afrika. Dis soms heilsaam om jou land deur iemand anders se oë te kan sien!

Die leuse van Afcon 2013 is: *The beat at Africa's feet*. Kom ons doen elkeen ons deeltjie, hoe klein of groot ook al, sodat al die besoekers die warm hartklop en polsende ritme, wat so eie is aan Suid-Afrika, sal beleef!

Ds Etienne Fourie

